

Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad





# Die O.B.




VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 30 MEI 1945. No. 27.

# GEESDRIF VIR O.B. WORD GROTER

## DIE K.G. OP STELLENBOSCH



'n Blik op die pragtig versierde stadsaal toe die Kommandant-generaal en Adjunk-Kommandant-generaal onlangs op Stellenbosch 'n vergadering van ver groter omvang toegespreek het as wat dr. Malan 'n paar dae voor die tyd gehad het toe hy die dertigjarige bestaan van die Nasionale Party gevier het.


## Swart Diktatuur Bedreig Alle Blankes

## K.G. TOON WEG AAN IN STRYD TEEN KOMMUNISME

Die vergadering wat die Kommandant-generaal verlede Woensdagaand in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, gehou het, was die grootste in die afgelope drie jaar. Tientalle mense kon nie sitplek kry nie, en moes tevrede wees met staanplek in die gange. Daar is 'n duidelike toename in die geesdrif nie net by O.B.-lede nie, maar ook by mense wat kort gelede nog afsydig gestaan het. Die Kommandant-generaal het gesê dat daar baie dinge is waaroor ons spyt kan wees, maar beslis niks waaroor die O.B. skaam hoef te wees nie.

Met verwysing na die oproep om hulpverlening aan Duitse noodlydendes wat uitgegaan het van genle. mev Du Toit, het die K.G. gesê dat hy dit verwelkom. Klere en goedere kan ingesamel word, maar sover dit geld betref, is ons eerste plig teenoor ons eie mense wat dieselfde lot ondergaan het. Deur hierdie daad toon die O.B. ook weer dat as hy eenmaal 'n kameraad aanvaar het, marsjeer hy met hom enduit.

Die K.G. het ook aan die lig gebring dat die O.B.-Noodhulpfonds in die afgelope jare elke maand £50 uitbetaal het aan die afhanklikes van Duitse geïnterneerdes in die Unie.



Dr. Van Rensburg

Vier jaar lank het die Ossewabrandwag stokalleen die versorging van geïnterneerdes waargeneem, het die K.G. gesê. Selfs betaalde advertensies ten behoewe van die Noodhulpfonds is deur H.N.P.-blaaie geweier. Daar is in die jongste tyd wel baie geïnterneerdes losgelaat, maar die regering belet hulle om werk te soek, en dit beteken net een eter meer vir die gesin. Daarom moet die Noodhulpfonds nog sterk gehou word.

Voortgaande het die K.G. gesê dat daar 'n nuwe toestand ontstaan het wat 'n reoriëntasie vereis. Op 8 Mei het byna 20,000 naturelle in 'n optog aan die Rand met instemming aangehoor hoe 'n blanke aan hulle sê dat dit nie die end van die oorlog is nie, maar die begin van hulle oorlog. Die imperialistiese oorlog moet nou oorslaan in die burgeroorlog, is daar gesê. Die blanke rasse het hul kanse verspeel, en nou gaan alles kom onder die skaduwee van die kommunisme. En hierdie skaduwee gaan oor almal val, of dit smelter, H.N.P. of O.B. is. Hierdie kommunistiese gevaar kan jy nie in die parlement beveg nie, want dit bestaan buite die parlement. Net soos daar daadwerklike optrede in die veld nodig is teen brandsiek, al maak jy ook wette daaromtrent, so ook sal jy buite die parlement teen die kommunisme moet veg.

### NUWE WêRELD

Uit hierdie oorlog wat verby is gaan sekere dinge wat bepalend vir ons toekoms sal wees, vloei. Die ou Europa wat ons geken het is gedaan vir altyd. Daar sal 'n nuwe Europa gebou word, en as ons onthou dat Europa die wêreld is, dan beteken dit dat daar ook 'n nuwe wêreld gebou sal word.

In die nuwe Europa, en in die nuwe wêreld, sal kommunisme 'n invloed uitoefen wat hy voorheen nie uitgeoefen het nie. Dis gewis en seker. Hierdie nuwe toestand wat ontstaan het moet ons in die oë kyk.

Daarom moet ons die vraag behandel: wat is die kommunisme? Kommunisme is nie net 'n ekonomiese leerstelling wat vertel van arbeid, lone, en base nie; dit bevat ook 'n politieke en geestelike gedagte. Op geestelik gebied wil dit 'n mens skep wat vry is van „vooroordele". Dit beteken 'n mens wat los is van alle ankers; dus sonder godsdiens, sedes gesinsliefde, volksliefde, ens., 'n mens wat geheelenal „los" is. 'n Mens wat vry is van al die ingewortelde instinkte en ideale wat vir u en vir my, en ons beskawing aan die gang hou.

### ALMAL NIKS

Op ekonomiese gebied wil die kommunisme mense skep wat almal niks het nie. Die staat besit alles en is die enigste werkgewer. Al die mense is ewe arm, ewe magteloos en ewe willoos om hulle ten aansien van die staat te laat geld.

Die politieke strewe van die kommunisme is die absolute, die almagtige staat — die volmaakte diktatum.

Daar mag mense wees wat dink dat wanneer die kommunisme aangerol kom, dit stadigaan en vreedsaam oor die land sal sprei en nie gewelddadig gevestig sal word nie.

Maar laat ons hoor wat Stalin self hiervan sê. Ek haal aan uit sy boek. Problems of Leninism, gedruk in Moskou in 1943.

**„Die diktatuur van die proletariaat kan nie ontstaan as gevolg van die vreedsame ontwikkeling van die burgerlike staat en die burgerlike demokrasie nie. Dit kan alleen kom as gevolg van die vernietiging van die burgerlike staatsmasjien, die leër en die polisie".**

Asof hy geweldenary nog nie genoeg beklemtoon het nie, sê Stalin voorts:

**„M.a.w. die wet van gewelddadige rewolusie is 'n onvermydelike wet van die rewolusionêre beweging in die imperialistiese lande."** Dus ook in die Empire en in Suid-Afrika.

### DIKTATUUR VAN NIE-BLANKES

Die weg na die politieke strewe van die kommunisme is dus die gewelddadige revolusie. Die strewe is: Die diktatuur van die proletariaat.

Op die vraag wat hierdie diktatuur beteken antwoord Stalin: **„Die diktatuur van die proletariaat is 'n rewolusionêre mag, gegrondves op geweld teen die burgery. (Dit) is die heerskappy, onbelemmerd deur wette en gebaseer op geweld, van die proletariaat oor die burgery".** Die strewe van die kommunisme is dus die onbegrensde diktatuur van een klas (die proletariaat) oor die res.

**In ons land is die proletariaat die nie-blanke. Vir ons beteken kommunisme, in die woorde van Stalin: Die heerskappy, onbelemmerd deur wette en gebaseer op geweld, van die nie-blanke oor die blanke.**

Sonder dat ons wil aanhits teen die nie-blanke of die naturel, kan ons as blankes nooit kommunisme aanvaar nie, want dit sou vir ons selfmoord beteken. Ons is verplig om (Vervolg op bls. 2, kol. 3)

*DIE TOEKOMS . . . . 'N BLANKE SUID-AFRIKA?*

Lees die deurtastende antwoord —

**„'n Tuiste vir Die Nageslag"**

Deur Dr. G. Cronjé, Professor in Sosiologie, Universiteit Pretoria.

'n Breedvoerige uiteensetting van die Afrikanerstandpunt.
Streng wetenskaplik, dog eenvoudig geskryf.
Publikasie gesteun deur die Universiteit Pretoria.
Bestel nou van die

**L. & S. BOEK- en KUNSSENTRUM**

POSBUS 4892 — KERKSTRAAT 29 — JOHANNESBURG

B E S T E L V O R M

DIE BESTUURDER,
L. EN S. BOEK- EN KUNSSENTRUM.
Posbus 4892 — JOHANNESBURG.

Stuur asb. aan my ............ (aantal) eksemplare van „'N TUISTE VIR DIE NAGESLAG", deur Dr. G. Cronjé, waarvoor ek hierby ............... insluit, bereken teen 12/6 plus 3d. posgeld per eksemplaar.

NAAM ........................................

ADRES ........................................

........................................
Handtekening.

O.B. 30/5/45.

*BEGRAFNISVERENIGING*

SAFFAS BPK. LTD.

'n Klein Maandelikse Premie dek die hele Familie.
Die Lykbesorger in u dorp is ons agent.
DIE SUID-AFRIKAANSE FEDERASIE VAN BEGRAFNISVERSEKERINGS-VERENIGINGS BEPERK. ... ... ... ...
(Geregistreer onder die Versekeringswet)
82 Beckettsgebou, Presidentstraat 67, h/v. Harrisonstraat,
JOHANNESBURG.

*So Pas Verskyn!*

- **TREK**
  Geskiedenis van die mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap, deur Dr. P. J. van der Merwe .. .. .. .. 11/- posvry
- **DIERETUIN-SIELE**
  deur A. J. J. van Pletzen 4/9 posvry
- **DREUNING IN DIE LUG**
  deur M. Steyn van Rooyen 6/3 posvry

HERDRUKKE:

- **Vlaktes en Sterre**
  deur Elizabeth Vermeulen 8/9 posvry
- **Terug na Kommando**
  L. A. Visagie .. .. 6/4 posvry

**PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL**
Posbus 29 — STELLENBOSCH


# Demokratiese Gees Lyk So

Toe die soldate aangesluit het, is hulle deur hulle werkgewers en al die Jode aangemoedig om aan te sluit. „Daar sal volop werk wees vir julle wanneer julle eendag weer terugkom," het die werkgewers belowe. Nou dat die soldate terugkom, val die regering bont om werk vir hulle te soek. Een metode wat hy probeer het was om vorms uit te stuur aan alle werkgewers waarin hulle moes sê hoeveel soldate hulle kan inneem. **Daar het reeds maande verloop, en nog word beroepe op hierdie werkgewers gedoen om tog asseblief die vorms in te vul en terug te stuur.** So groot is die traagheid dat 'n verantwoordelike persoon verlede week die blote terugsending van die vorms genoem het as een van die grootste bydraes in belang van die terugkerende soldaat.

**Hierdie optrede weerspieël die demokratiese gees van „elkeen vir homself", en steek sleg af by die O.B. se „een vir almal en almal vir een", soos die O.B.-Noodhulp o.a. getuig. Die O.B. staan by sy kamerade.**

## VENTERSDORP

Die manne- en vroue-kommando van Ventersdorp het Vryheidsdag gevier op Palmietfontein, naby Ventersdorp, Tvl., die plaas van brandwag Gawie Yssel. Die gees was baie hartlik en £67 is ingesamel vir ons lydende volksgenote. — (Ingestuur).



„Dis Meubels wat bydrae tot u 8%-diwidend



„Die bostaande is maar een van die stelle wat u diwidende help betaal. Excelsior Meubels Beperk verskaf 'n goeie verskeidenheid en goeie kwaliteit. Dis een van die redes waarom u, as aandeelhouer, nog jaarliks 8%-diwidend op u opbetaalde gewone aandele ontvang het.

„Excelsior Meubels Beperk het gegroei van een fabriek en een winkel tot drie fabrieke en nege winkels. En 'n tiende winkel begin binnekort sake doen.

„Dis nie alle beleggers wat gereeld so 'n hoë diwidend kry soos Excelsior Meubels se aandeelhouers nie. Dis dan ook geen wonder dat meer as £170,000 van die aandelekapitaal van £200,000 reeds opgeneem is nie."

Winkels te: De Villiersstr. 15, Johannesburg; Meyerstr. 183, Germiston; h/v Andries- en Pretoriusstr., Pretoria; Kerkstr. 108, Potchefstroom; Cross-straat 42, Kroonstad; Maitlandstr. 69 en St. Andrewsstraat 123, Bloemfontein; Pleinstr. 47-49, Kaapstad.

**EXCELSIOR Meubels Bpk.**

Organisasiekantore waar inligting omtrent aandele kan verkry word: Spoorbondkasgebou 603, Johannesburg; Maitlandstraat 68, Bloemfontein; Groote Kerkgebou 614, Kaapstad. Of skryf om 'n prospektus en nadere inligting omtrent aandele aan die Hoofbestuurder, Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.

## GEESDRIF VIR O.B. WORD GROTER

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

die kommunisme te bestry. Deur dit te doen gehoorsaam ons eenvoudig die natuurlike wet van selfbehoud.

### AFWEERMIDDELS

Oor die hele wêreld rol daar 'n kommunistiese golf. As hierdie golf Suid-Afrika raak, gaan dit blank en nie-blank teen mekaar te staan bring. Die blanke moet afweermiddels teen hierdie gevaar in die lewe roep en dit sal die O.B. ook doen.


Hierdie gevaar behoort bestry te word deur die regering en by name die Departement van Justisie. **Maar die Minister van Justisie is amptelike beskermheer van die kommunisme, en uit hierdie oord is dus geen hulp te verwag nie. In Johannesburg is openlik opgerui tot burgeroorlog teen die blankes, maar daar sal nou nog opgetree word teen die opruiers.**

Dit is onvermydelik dat oral in ons land klompies-klompies mense sal saamspan om in hul omgewing die gevaar die hoof te bied. **So sal daar oral anti-kommunistiese selle of afweergroepe ontstaan. By voorbaat reeds al is sulke groepe, waar hulle ook al mag ontstaan, verseker van die steun van die Ossewabrandwag. Die O.B. sal oral help waar gevaar dreig en waar moontlik sal hulle saam werk met die polisie, maar waar nodig selfs sonder die polisie.**

Waar die O.B. onverbiddelik is in sy stryd teen die kommunisme, daar is hy ook ewe onverbiddelik in sy veroordeling van die kapitalistiese uitbuiting. **Die O.B. wil 'n staat uitbou waarin elkeen sosiale geregtigheid sal geniet sonder om sy siel daarvoor te verkwansel. Ons is geregtig op ons pot lensiesop, maar ons is eweseer geregtig op ons geboortereg. Daarom wil die O.B. kapitalisme sowel as kommunisme uit die toekomsstaat weer.**

### GENLE. DU TOIT

Die vergadering is ook toegespreek deur die Hoofvrou van Gebied A, genle. J. S. du Toit, en die Gebiedsleier, hfgenl. dr. F. D. du T. v. Zyl.




**Genle. Du Toit**

„Die Afrikanerdom is die laaste wat moet glo dat 'n militêre nederlaag ook die ideologiese nederlaag van 'n volk beteken, het genle. Du Toit verklaar. As voorbeeld het sy aangehaal hoe dat ons volk met die Engelse oorlog van 1899—1901 en die Rebellie van 1914 militêr verslaan is, maar dat dit juis die spoorslag tot ons grootste nasionale oorwinning gevorm het.

Op die Ossewabrandwag rus vandag die dubbele verpligting om te werk. Die Ossewabrandwag is die laaste bolwerk van die Afrikanerdom teen die duisternis, het genle. Du Toit onder toejuiging voortgegaan. Sy het die leiding van ons Kommandant-generaal, veral in die afgelope maande, geloof en dit gestel teenoor dié van dr. Malan wat sy volgelinge opgeroep het tot stryd teen die Ossewabrandwag, teen mede-Afrikaners. Dr. v. Rensburg daarenteen soek by mede-Afrikaners steeds toenadering.

### KYK VORENTOE

Genl. Van Zyl het gesê dat ons taak swaarder geword het na die nederlaag van Duitsland, maar ons




**Dr. F. D. du T. van Zyl**

kyk nie terug nie, net vorentoe. Spr. glo dat Churchill wat vandag bedank het as eerste minister, groot berou het omdat hy nie eerder tot insig gekom het nie. Indien daar 'n Arbeiders-oorwinning in Engeland kom, verdwyn Churchill en word Engeland 'n junior vennoot van Rusland. Indien hy egter wen, sal dit 'n derde Europese oorlog beteken met 'n sterk vyfde kolonne in Engeland. Die uiteinde sal wees dat Churchill nie eens 'n junior vennoot van Stalin se Europa sal wees nie.

**Die O.B. staan op die blywende belange van die volk, en nie op die wispelturige beginsels van die partypolitiek nie. Daarom is ons pad duidelik voor ons.** Sonder die O.B. sou die toekoms vir ons volk nie net donker gewees het nie, maar wanhopig. **Die O.B. is die enigste magsorganisasie wat deur stryd, tronke en kampe gehard is, en in die lewe gebly het ten spyte van die magtigste faktore teen hom.**

Ten slotte het genl. Van Zyl die K.G. geloof vir sy insig en leiding. Hy het die behoefte besef om regverdigheid te laat geskied aan die volksmassa en dat partye onmagtig



**Genl. P. D. Rousseau**

is. Hy het betyds gesien dat jy 'n volk nooit tot bestemming kan voer tensy jy hom oplei om stryd van die hoogste karakter te lewer nie.

Die vergadering is gelei deur genl. P. D. Rousseau, wat gesê het dat die Afrikanerdom weereens sy eenheid sal vind soos in 1938, los van die partypolitiek. Ons is gegrond op Christelike beginsels en die volk sal hom rondom die O.B. skaar.

Genl. G. Retief het met gebed geopen. Die O.B.-orkes onder leiding van komdt. Swanepoel het opgewekte marsmusiek gespeel, terwyl O.B.-Wag en 'n erewag van die Boerejeug het flink vertoon.

# BULGARYE ONDERSKRYF K.G. SE WAARSKUWINGS

## Kommuniste se Woord Wet Ten Spyte van Regering

***Nadat die Britse nuusdiens 'n paar jaar lank geswyg het oor die Bolsjewistiese wreedhede, begin hulle nou erkennings doen wat die wrede werklikheid wat die Kommandant-generaal in die jongste tyd ook vir Suid-Afrika in die vooruitsig stel, indien die huidige bewind van Sowjet-beskermhere toegelaat word om ongehinderd voort te gaan, ten volle onderskryf. So bevat die Cape Argus verlede week 'n berig oor die toestand in Bulgarye waarin die volgende feite aan die lig gebring word:***

„Ontwikkelinge in die Balkan dui aan op 'n plan, sorgvuldig bereken en stelselmatig toegepas, om 'n kommunistiese bewind in elke land daar te stel. **Die eerste stap is om beheer te kry oor sleutelposisies soos die ministeries van Justisie en Binnelandse Sake, met kontrole van die polisie en burgerwagte** (ons dink hier aan dr. Colin Steyn se posisie in ons land); **die tweede is om politieke teenstanders uit te delg en aanverwante partye wat moontlike mededingers kan word, op te breek.**

„In Bulgarye, verklaar die korrespondent, is die openbare lewe ten spyte van 'n amptelike voorkoms, ten volle onder kommunistiese beheer. **Die werklike regeerder van die land is nie die hoof van die regering nie, maar 'n vrou wat sekretaresse van die kommunistiese party is en wie se bevele finaal en onbetwis is.**

### UITMOORDING

„**Die eerste gevolge van die kommunistiese opkoms was die uitdelging van politieke teenstanders deur verhore in volkshowe en op ander maniere. Tussen 1,500 en 2,000 politici, administrateurs, professore en joernaliste is op groot skaal doodgeskiet.**

„Na die opruiming van politieke teenstanders het die kommuniste aandag begin gee aan hul politieke bondgenote, hoofsaaklik die Boereparty wat die grootste party in Bulgarye is en 'n potensiële mededinger. Een van die mees gewilde leiers van die Boereparty is onder huisarres geplaas op aanklag van moedeloosheid, vreedsaamheid en — 'n onvergeeflike sonde deesdae in Bulgarye — simpatie met Engeland.

„Die metode in Roemenië is omtrent dieselfde, met die verskil dat die kommuniste daar nog min is en dit dus stadiger toegaan."

Bostaande getuienis word gegee deur 'n bondgenoot van Rusland. **Die waarskuwings van die Kommandant-generaal is nie ydel nie, en dit bewys die onmag van 'n politieke party aan bewind wanneer die sekretaris van die kommuniste buite die parlement regeer!**

### BEPLEIT WEERLOOSHEID

Die Burger weet al hierdie dinge net so goed soos ons, maar omdat hy bang is dat die volk dalk met die Ossewabrandwag sal saamwerk vir selfbeskerming, bestry hy hierdie wenk en moedig hy selfs die regering aan om hierdie voorsorg tot selfbeskerming nie te „duld" nie!

Op 'n oomblik wanneer tienduisende mense in Europa, volgens Reuter self, „op groot skaal" van kant gemaak en miljoene ander in ballingskap weggevoer word, beveg die H.N.P. 'n metode vir selfbeskerming net omdat dit nie hul party is wat die leiding geneem het nie. Dit is die gees van die partypolitiek. En hoe steek dit nie af by die K.G. se toespraak wat uit die staanspoor 'n beroep op samewerking van alle blankes doen nie. 'n Toespraak waarin hy nie eens die Ossewabrandwag self voorhou as middel nie — bewus van die vooroordele by sommige teen die Volksbeweging — maar slegs die steun van die Beweging toesê aan so 'n weerstandsorganisasie. Dit is die leiding van iemand wat sy volk bo sy politieke organisasie stel.

Dog die blote feit dat hierdie idee van die O.B.-leier uitgegaan het, wek by die partypolitici so 'n afguns dat hulle 'n beroep op die regering doen om dit nie te duld nie! Weerloos moet die volk sy bloedbad tegemoet gaan vir die voorreg om oor drie jaar vir 'n party te kan stem!

### UIT EEN MOND

Maar as die H.N.P. enige daadwerklike maatreëls teen die kommunisme teenstaan omdat daar oor drie jaar vir die H.N.P. gestem kan word, dan glo hulle òf nie self dat daar 'n gevaar bestaan nie, **en dan is die regering se beskuldiging dat hulle net party-propaganda maak, volkome juis,** òf hulle glo wat hulle verkondig dat die gevaar wesenlik is, **en dan pleeg hulle verraad deur staatsoptrede te eis teen so'n teenmaatreël van die kant van die volk.**

Onderwyl die regeringspers onderdrukking eis van anti-kommunistiese propaganda (b.v. Die Suiderstem), eis die opposisiepers onderdrukking van die **organisering teen kommunisme.** En hierin praat hulle uit een mond met die kleurlingpers, want die Cape Standard, kleurling-orgaan, maak presies dieselfde beswaar teen die O.B.-aankondiging in sy uitgawe van 22 Mei.

### GEBIED C SE LEIER

Genl. P. J. L. Botha van Loskop, Somerset-Oos, is aangestel as waarnemende Gebiedsleier van Gebied B (Oos-Kaapland).

# H.P.-Blad Eis Onderdrukking Van Weerstandselle

**In 'n hoofartikel oor die toespraak van die Kommandant-generaal verlede week in Kaapstad waarin die K.G. 'n weerstandsorganisasie teen die kommunistiese, of liewer swart gevaar bepleit het, verwerp Die Burger die gedagte en skryf woordeliks:**

**„GEEN STAAT DURF SO IETS TOELAAT EN GEEN BESKAAFDE GEMEENSKAP KAN SO IETS DULD INDIEN HY NIE CHAOS WIL SIEN ONTSTAAN NIE".**

**Die regte ding wat gedoen moet word, aldus die blad, is om die H.N.P. aan bewind te bring by 'n volgende verkiesing.**


Die blad vergeet (1) dat die volgende verkiesing **eers** oor drie jaar is, en dat die kommuniste in Johannesburg aangekondig het dat hulle oorlog — 'n oorlog van geweld — **nou aangebreek het;** (2) dat solank dr. Malan 'n beleid volg om mede-Afrikaners uit sy party te skop en alle samewerking van die hand te wys, hy selfs nie oor drie jaar aan bewind sal kom nie, indien ons teen daardie tyd nie almal al „gelikwideer" is nie; (3) dat die O.B. se wenk tot weerstandsgroepe nie chaos sal veroorsaak nie omdat dit die gepredikte beleid van die kommunisme is om self daardie chaos te skep — of sou die blad die laertrekkings van die Voortrekkers ook as gewelddade wil bestempel?

(4) dat hierdie chaos reeds al in Europa bestaan waar selfs die Geallieerdes nou moet erken dat die kommuniste hulle aan geen wet en orde steur nie, soos o.a. blyk uit 'n berig in hierdie uitgawe oor Bulgarye en die gebeurtenisse in Griekeland;

(5) dat die geskiedenis in die afgelope 20 jaar in Europa reeds bewys het dat geen politieke party of parlement by magte was om die kommunistiese revolusie te stuit nie.




**NEEM TOE IN POPULARITEIT**



**IN 'N VERANDERENDE WÊRELD**

**Kommando**

**-SIGARETTE**

**ROND OF OVAAL**

**WAARDE VIR GELD**

B.H.2274



**A.V.B.O.B**

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

BLOEMFONTEIN — PRETORIA

130 Takke


Munisipaliteit van Robertson.

**KENNISGEWING No. 14/1945.**

**APPLIKASIES: ASSISTENT INKOMSTEKLERK (MANLIK)**

Applikasies vir bogemelde betrekking word hiermee ingewag en sal deur die ondergetekende ontvang word tot 12-uur n.m. op Saterdag, 16 Junie 1945.

Applikante moet ouderdom meld en moet besonderhede gee van ondervinding en kwalifikasies en applikasies moet vergesel wees van afskrifte van onlangse getuigskrifte, asook van 'n mediese sertifikaat.

Applikante moet tweetalig wees en moet die vroegste datum waarop diens aanvaar kan word, meld.

Die salaris sal wees £120 x 20—£180 per jaar plus lewenskoste-toelae.

Die suksesvolle applikant sal verplig wees om aan te sluit by die Munisipale Pensioenskema.

Stemwerwery van Raadslede sal 'n diskwalifikasie wees.

Op las,
G. W. VAN ROOYEN,
Stadsklerk.

Munisipale Kantore,
Robertson,
18 Mei 1945.

**WES-RAND**

**Die Adj.-Komdt.-Genl. van die Ossewabrandwag**

**Genl. J. A. SMITH**

***Spreek 'n Vergadering toe***

in die

***ROODEPOORT-STADSAAL***

op

**Maandagaand, 11 Junie 1945,**

**om 7.30 n.m.**

*ALLE BELANGSTELLENDES IS WELKOM!*

DIE O.B., WOENSDAG, 30 MEI 1945.

# Dit Was Geen Weddenskap

Toe dit begin duidelik word het dat Duitsland die oorlog teen die oormag nie gaan wen nie, het Die Burger in 'n hoofartikel gejubel dat dit nou ook die einde van die Ossewabrandwag beteken. „Die O.B. het op die verkeerde perd gewed." „Duitsland het die oorlog verloor en daarom het die Ossewabrandwag se pad doodgeloop," het dit gelui. Die feite loënstraf egter hierdie voorbarige blydskap. Dieselfde week waarin Duitsland begin oorgee het, en nadat die Duitse Führer gesneuwel het, het die Ossewabrandwag een van sy mooiste vergaderings in die hartjie van Johannesburg gehou — binne in die stadsaal. Sedertdien het die Ossewabrandwag, bo alle verwagtings van sy vyande, groter en simpatieker belangstelling geniet as in enige tyd gedurende die afgelope twee jaar. Alles dui daarop dat die O.B. se pad nie doodgeloop het nie, maar dat hy in hierdie verwarde oomblikke, wanneer partypolitici druk besig is om ontslae te raak van hul Duitsgesinde verlede, 'n heldere koers aangee wat steeds in groterwordende kringe besieling bring.

Niks kon die selfstandige roeping van die Ossewabrandwag duideliker uitbring nie as juis hierdie lewenskragtigheid in die uur van Duitsland se vernedering, net so as wat niks die manlike oortuiging wat die Ossewabrandwag eie is, beter kon afteken as juis sy volgehoue simpatie met die Duitse volk selfs nadat hy platgeslaan en van sy mooiweer-vriende verlaat is nie. Hierdie houding getuig nie net van ruggraat en vasberadenheid nie, maar dit is ook 'n openbaring van die egtheid van die Ossewabrandwag se politieke oortuiging. Dit is nie 'n „program van beginsels" wat ons gewoonlik by die politici aantref, wat na elke hoofbestuursvergadering gewysig word na mate die grille van die kiesersmassa verander nie — „beginsels" wat in tye van Duitse oorwinning gepraat het van „wegveeg van die demokrasie", maar in tye van Angelsaksiese oorwinning praat van die deugde van parlementêre demokrasie nie.

## SKEP VERTROUE

Vir een keer maak die volk nou kennis met 'n politieke organisasie wat nie beginsels „opstel" na die smaak van die wisselende kiserskorps nie, maar 'n oortuiging verkondig en uitleef omdat hy daaraan glo as die enigste moontlike weg — maak nie saak hoeveel vandag of môre saamstem nie. So 'n houding van eerlikheid en vasberadenheid skep vertroue — veral wanneer dit so skerp afsteek teen die opportunisme van partypolitici wat tans gebruik maak van die ondergang van 'n land na wie hulle so kort gelede nog opgesien het as 'n bevryder, om partypolitieke munt te slaan. Dit is daarom ook geen wonder nie dat die reaksie by die volk presies die teenoorgestelde is as wat die politici verwag en gehoop het. Die volk voel instinkmatig aan wanneer hy met 'n egte onderneming te doen het. Wars van al die onegtheid in die partypolitieke arena, gryp die volk in hierdie dae van woelinge en vertwyfeling na wat sterk en eerlik staan. Vandaar die toenemende kragvertoon van die Ossewabrandwag. En vandaar die verbasing by Engelse blaaie oor die feit dat die Ossewabrandwag nie gaan wegkruip het nie, maar ongestoord voortgaan. Soiets bots met alle werke van die partypolitiek, en dit bots omdat hierdie Volksbeweging van politiek nie 'n weddenskap maak nie, maar 'n saak van volksbehoud.

# Wie Het Verander ?

Op bladsy 21 van „Die Republikeinse Orde", uitgegee deur die Federale Raad van die H.N.P. in 1941, lees ons die volgende:

„By die oorweging van die regeringstelsel vir die Republiek, is daar sekere GRONDWAARHEDE wat in die oog gehou moet word, naamlik —

„(a) dat ons volk se regeringstelsel moet voortspruit uit sy eie bodem en volkslewe, en nie slegs 'n nabootsing moet wees van die Britse, Duitse of ander stelsel nie;

„(b) dat die Britse parlementêre stelsel, SOOS IN ONS LAND TOEGEPAS, weggeveeg moet word omdat dit hier misluk het, wat elders ook al die geval mag wees, en dat dit 'n wanbegrip is om daardie stelsel te beskou as ‚die demokrasie' omdat dit hier eerder 'n karikatuur is van die demokrasie."

Op 14 Maart 1945 weier dr. Malan 'n uitnodiging van dr. Van Rensburg om samesprekings te hou met die oog op die skepping van 'n volksfront op grond dat: „Die doel wat met hierdie parlementêre frontstigting beoog word, IS DIE VERNIETIGING VAN DIE HELE PARLEMENTARISME . . . ."

Wie het van koers verander en waarom?

## VERDIEN GELD

Lede van die Boerejeug verdien nog steeds geldjies vir die Noodhulpfonds deur allerlei werkies te verrig. Van Brandvlei word berig dat Sakkie Burger 4s. aangestuur het wat hy gekry het vir die optel van bene. Hilda en Rita Burger (laasgenoemde maar drie jaar oud) het elk 1s. gestuur wat hulle verdien het deur kind op te pas en koljander te stamp onderskeidelik.

# WEG MET CHURCHILL ! ?

*(Deur Prof. J. A. Wiid.)*

Brittanje staan op die vooraand van 'n algemene verkiesing — die eerste sedert 1936, byna tien jaar gelede. Die verkiesing is nie Churchill se keuse nie en het noodsaaklik geword deur die houding van die politieke partye wat nie tot die Konserwatiewe party, Churchill se party, behoort nie. Hierdie partye, veral die Arbeiders en Liberales wat gedurende die kritieke jare van die oorlog Churchill gesteun het en deel van die nasionale regering uitgemaak het, het nou hierdie steun onttrek. Weg met Churchill en sy regering het nou hulle verkiesingskreet geword.

## BRITSE DEMOKRASIE EN PARTYPOLITIEK

Vir diegene wat die Britse vorm van demokrasie met sy partypolitiek nie kan begryp of waardeer nie, is die jongste partypolitieke ontwikkelings in Brittanje onverklaarbaar. Hulle kan nie begryp dat Churchill, die gevierde oorlogsleier van die Britte, die man wat sy volk deur 'n verskriklike krisis tot die oorwinning gevoer het, die man wat meer parlementêre en ministeriële ondervinding het as enige lewende Brit, dat hierdie man nou deur eie volksgenote in die politieke woestyn gestuur word. Dit staan immers vas dat Churchill in die politieke woestyn gaan beland as sy politieke vyande hulle sin kry en die verkiesing wen.

Vir diegene wat die Britse vorm van demokrasie met sy eienaardige vorm van partypolitiek ken, lewer die jongste partypolitieke ontwikkelings in Brittanje geen verrassing nie. Dit spreek vanself dat dit nie in belang van die nie-Konserwatiewe politieke partye is om voortdurend onder die vaandel van Churchill, die leier van die Konserwatiewe party, te vaar nie. Hulle partypolitieke belange maak dit gebiedend noodsaaklik dat hulle op die sielkundige moment die handskoen sal neerwerp en aan hulle politieke bondgenote van gister die oorlog verklaar. Vir sommige mag dit lyk of die Arbeiders die verkeerde sielkundige moment gekies het. Hulle is van mening dat Churchill 'n Kakie-verkiesing gaan hou — en Kakie-verkiesings begunstig altyd die regering — en dat hy op die vloedgolf van die oorlogsoorwinning ook 'n verkiesingsoorwinning gaan behaal. Dit mag waar wees en die opposisie-partye het ook hierdie moontlikheid in aanmerking geneem. Vandaar hulle ywer en wens om die verkiesing nie in die somer (Julie) nie maar in die herfs (September of Oktober) te laat plaasvind.

Geen ingeligte persoon sal dan ook vandag aanneem dat die daad van die Arbeiders en Liberales om met die regering te breek, 'n onoorwoë of impulsiewe daad is nie. Die leiers van die Arbeiders is waarskynlik daarvan oortuig dat die kieserskorps sedert 1936 in 'n linkse rigting omgeswaai het en dat dit by 'n algemene verkiesing sal opweeg teen die nadele van 'n Kakie-verkiesing. Die linkse omswaai op die vasteland van Europa, selfs in bevryde of oorwinnaarslande, is vir hulle 'n gunstige voorteken terwyl dit vir Churchill en sy geesgenote die skrif aan die muur behoort te wees.

## PARTYPOLITIEKE FRATSE

Niemand weet vandag wat die uitslag van die algemene verkiesing gaan wees nie. Dit is egter seker dat alle politieke partye die gebruiklike partypolitieke middels gaan aanwend om die oorwinning te behaal. Elke party sal met gebruiklike verkiesingsbeloftes voor die dag kom. Die Arbeiders het reeds die nasionalisasie van die belangrikste Britse bedrywe aangekondig. Die Konserwatiewe party gaan waarskynlik die waarde van private inisiatief beklemtoon en die waarde van gevestigde belange en instellings aanprys. Elke party sal gebruiklike partypolitieke middels aanwend om sy eie verdienstelikheid en die gebreke van sy teenstanders onder die kiesers te adverteer. Sommige van hierdie „advertensies" mag sensasionele onthullings of ontdekkings wees. Ons onthou nog die geval van die Zinowjefbrief van 1924 waarvolgens Moskou hom met inwendige Britse aangeleenthede sou bemoei het. Die publikasie van hierdie brief, waarvan die egtheid nog altyd twyfelagtig is, het gehelp om die Konserwatiewe party 'n groot oorwinning by die stembus oor die Arbeiders te laat behaal.

Of daar hierdie keer weer Zinowjef-briewe ontdek gaan word, weet ons nie. Dit staan egter vas dat die Rusland en die Brittanje van vandag nie die Rusland en Brittanje van 1924 is nie. Ook weet ons nie wat die uitslag van die algemene verkiesing gaan wees nie of watter nasionale en internasionale reperkussies dit gaan hê nie. Ons weet egter dat dit alleen in die Britse vorm van demokrasie met sy partypolitiek moontlik is om 'n nasionale leier soos Churchill en sy nasionale regering wat die geweldigste toets van alle tye deurgestaan het, sonder meer te verongeluk. Roosevelt het 'n natuurlike dood gesterf voor die oorlog gewen was; Churchill gaan miskien 'n partypolitieke dood sterf voor die vrede gewen is.

## WEDSTRYDE

● 'n Partypolitikus is iemand wat geskool is in die kuns om verkiesings te veg. Maar die bestuur van 'n land het niks met verkiesings te doen nie. In die parlementêre demokrasie egter is verkiesings die oorheersende bedrywigheid van die regering. Dit maak van staatsbestuur 'n wedstryd tussen twee of meer partye wat elke vyf jaar op 'n reusetoernooi beslis word. En die volk betaal 'n duur toegangsfooi vir hierdie wedstryde — sy bestaansveiligheid.

# Reisplan Komdt.-Genl.

**DR. J. F. J. VAN RENSBURG IN OOS-KAAPLAND.**

| | |
|---|---|
| SOMERSET-OOS | Vrydag 1 Junie. |
| KOMGHA | Saterdag 2 Junie |
| STERKSTROOM | Maandag 4 Junie |
| (Let Wel. Die Vergadering te Queenstown, soos reeds geadverteer is vervang deur hierdie een te Sterkstroom). | |
| DORDRECHT | Dinsdag 5 Junie. |
| ELLIOT | Woensdag 6 Junie. |
| BARKLY OOS | Donderdag 7 Junie |
| LADY GREY | Vrydag 8 Junie. |
| ALIWAL NOORD | Saterdag 9 Junie. |
| BURGERSDORP | Maandag 11 Junie. |
| STEYNSBURG | Dinsdag 12 Junie. |
| VENTERSTAD | Woensdag 13 Junie. |

# K.G. Hou Grootste Vergadering Op Worcester Sedert Skeuring

**Maandag, 21 Mei, het Worcester die Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag, dr. J. F. J. van Rensburg, geesdriftig ontvang. Selfs nie eens die reën wat in stortbuie gedurende die dag en die aand geval het, kon die geesdrif van die Afrikaners demp nie.**

**'n Perdekommando van meer as vyftig ruiters, gevolg deur 'n stoet motors, het die K.G. buite die dorp op die Kaapse hardepad gaan ontmoet. Dr. Van Rensburg het in die reën uit die motor geklim en aan die spits van die perdekommando die dorp binnegery.** Af in Napierstraat en op in Hoofstraat tot by komdt. A. D. Viljoen se huis in die Nuwe Dorp het die kommando gery. Orals langs die strate, en op winkelstoepe het mense gestaan, want die klap van die perdepote op die harde strate, het die hele dorp verwittig van die koms van die Kommandant-generaal. Voor die huis van die Kommandant het die K.G. afgeklim en die manne toegespreek. Hoewel die ruiters — die K.G. inkluis — lelik nat gereën het, het 'n opgewekte en vrolike stemming geheers — **die manne het aan die K.G. en die hele dorp bewys dat die O.B., letterlik en figuurlik nie net 'n mooiweersbeweging is nie. Al is ons 'n klomp nat hoenders, het die K.G. gesê, ons is minstens almal hane!**

**OORVOLLE SAAL**

Hoewel die weer geen tekens van opklaar getoon het nie, maar dit inteendeel aanhoudend bly reën het, was die Voortrekkersaal veels te klein om die mense te bevat wat die aand opgedaag het om na die K.G. te kom luister. Vroeg reeds was die saal vol. Orals langs die mure, en op die verhoog, het vlae, baniere en slagspreuke gepryk wat kleurrykheid aan die verrigtings verleen het. Die Wag in hul blou nekdoeke was behoorlik op hul pos.

Die Kaapstadse blaasorkes onder leiding van Komdt. S. J. Swanepoel het bonsende marsmusiek gespeel en die opgewektheid van die verrigtings verhoog. Die gehoor het die orkesmusiek ten volle geniet en het telkemale volksliedere saamgesing onder orkesbegeleiding.

Die vroue-kommando het heerlike en welkome warm koffie in die saal bedien totdat die vergadering begin het.


Terwyl die gehoor op aandag gestaan en die reën in vlae op die dak geval het, het die Wag die K.G. voor die saal ontmoet en geleide gedoen na die verhoog, waar hy na 'n openingsgebed deur veldkornet Viljoen van Rawsonville, deur die voorsittende offisier, komdt. Viljoen, ontvang, en deur genl. Smith verwelkom is.

Voordat die K.G. aan die woord gekom het, het die ses Le Rouxdogters van Rawsonville die O.B.-lied gesing. Die vier Du Toit-dames van Worcester het die gehoor bekoor met 'n pragtige lewering van „Die Lied van die Ossewa".

**Hierdie vergadering op Worcester is die eerste vergadering wat die K.G. in die Westelike Provinsie toegespreek het na die staking van vyandelikhede in Europa, en dis ook die grootste vergadering wat die O.B. op Worcester gehou het sedert die skeuring.**

Die gehoor het dawerend voor en na die toespraak van die K.G. hulde aan hom gebring.

# Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



Mnr. D. VOSLOO van Knysna.

**Op 9 Okt. 1942 in hegtenis geneem en sonder aanklag in selle aangehou. Later weer losgelaat. Op 1 Des. in Natal, waarheen hy verplaas was, in hegtenis geneem vir internering. Op 2 Maart 1944 eers losgelaat op parool en in Augustus ten volle vrygestel.**

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie".**

# Beloftes Slaan Oor In Swape-Politiek

In alleryl probeer die regerende party nou stappe doen om 'n ietsie van sy baie en groot beloftes ten opsigte van die soldate uit te voer. Een metode is om aan die soldate werk te verskaf. Dit geskied deur dat die regering 25,000 persone wat tydelik in diens was in die plek van soldate, nou in die pad steek.

'n Ander metode is om aan die soldate nedersettingsplase te gee. Dit geskied deur dat die regering aansoeke om plase deur ander burgers ses jaar lank verwerp het, en deur sommige nedersetters eenvoudig nou van hul plase af te jaag. Min. Conroy het onlangs gesê dat daar 1,000 plase vir oud-soldate beskikbaar gestel word. „Die regering is tans besig om hierdie plase in voorbereiding te bring," het hy daaraan toegevoeg. **Hierdie voorbereiding beteken o.a. dat sommige mense nou afgejaag word van die plasies. Hierdie beleid van verjaging is reeds in volle werking, en ou mense wat met die laaste van hul kragte die plasies opgewerk het, word nou in die pad gesteek.**

**In albei gevalle kom die regering se beleid daarop neer dat een deel van die volk werkloos en besitloos gemaak word sodat 'n ander deel werk en besittings kan kry. Dit is die politiek van die swaap wat om die lyn wat te kort is langer te maak, 'n stuk agter afsny en dit voor aanlas.**

**Dit is die beleid van radelose pertypolitici wat die kuns goed verstaan om verkiesings met beloftes te wen, maar nie om te regeer nie.**


# Ons Eie Pers!

## *Dit kom en u kan u deel bydra*

deur aandele te neem in

# Pers-Beleggingskorporasie Beperk

**(Geregistreer kragtens die Wet op Maatskappye, nr. 46 van 1926, soos gewysig).**

*U GAAN SO SEGGENSKAP EN WAARDE VIR U GELD KRY.*

*Direkteure:* Dr. J. F. J. van Rensburg, mnr. J. A. Smith, dr. F. D. du T. van Zyl, prof. L. J. du Plessis, dr. P. J. Meyer, mnr. R. L. Barry, dr. P. J. Botma, mnr. C. L. de Jager en dr. W. A. Joubert.

NOMINALE KAPITAAL .. .. .. .. .. £125,000

verdeel in 500,000 gewone aandele van 5/- elk.

AANSOEKE WORD NOU INGEWAG VIR 400,000 GEWONE AANDELE VAN 5/- ELK TEEN PARI.

Vir die uitreiking waarvan die toestemming van Tesourie verkry is.

*Die minste getal aandele waarom aansoek gedoen kan word is 20.*

Die Direkteure is nie verplig om die volle getal of enigeen van die aandele waarom aansoek gedoen word toe te ken nie en behou die reg voor om enige aansoek ten dele of in die geheel af te wys sonder opgaaf van redes.

*BETALING VAN AANDELE:—*

Aandele is betaalbaar òf ten volle by aansoek òf in die volgende paaiemente: 10% (d.w.s. 6d.) per aandeel by aansoek, 30% (d.w.s. 1/6) per aandeel drie-maandeliks na toekenning, totdat die aandeel volopbetaal is.

*DOELEINDES VAN DIE MAATSKAPPY:—*

Die Maatskappy is opgerig onder andere om sake te doen in verband met die intellektuele, sedelike en estetiese beïnvloeding en vorming van die menslike gees en beskouings, die verryking van die menslike kennis en die verskaffing van inligting, nuus en ander wetenswaardighede, en alles wat in verband daarmee staan; om korporasies, maatskappye, inrigtings, verenigings of sake vir hierdie doel op te rig, te laat oprig, voort te sit, of om enige bestaande handels- of nywerheidsonderneming of skema in hierdie verband te steun, oor te neem, of uit te voer, en op te tree as finansiers, oprigters van maatskappye, veral in verband met die pers-, drukkers- en uitgewerswese, soos uiteengesit in die Akte van Oprigting.

*Die 15 oprigters het reeds hul vertroue in die saak bewys deur 16,700 aandele te neem.*

*DIT IS DIE GELEENTHEID WAAROP U LANKAL WAG.*

**Hierdie oproep word gerig aan alle blanke Suid-Afrikaners wat sosiale geregtigheid verlang en 'n nasionale eenheidstelsel nastrewe om Kommunisme en die volkskadelike en selfvernietigende partystelsels te bestry.**

Voltooi onderstaande Koepon indien u 'n prospektus en aansoekvorms verlang.

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

*Die Sekretaris, Pers-Beleggingskorporasie Bpk.,*
Groote Kerkgebou 701, Posbus 1411, Kaapstad.

Stuur my asseblief 'n prospektus en aansoekvorms van Pers-Beleggings-Korporasie Bpk.

Naam. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

Adres. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

. . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . . .

# Moet Baie Groot Kopbeen Wees Sê Adverteerder

**Danksy die buitengewone groot sirkulasie van Die O.B. begin ons blad steeds meer beroemd raak vir sy verbasende advertensiewaarde. Daar stroom nog steeds briewe van adverteerders in, sommige glad nie eens lid van die Ossewabrandwag nie, wat waardering uitspreek vir die groot reaksie wat gevolg het na 'n advertensie in ons blad. Mnr. I. J. Haarhoff, van Uitkomst, Graaff-Reinet, skryf by voorbeeld as volg:**

**„As die getal navrae wat inkom op 'n advertensie in Die O.B. 'n aanduiding moet wees van die krag en sterkte van die O.B.-beweging, dan moet die ‚O.B.-kopbeen' sowaar aan 'n oertydse Tyrannosaurus Rex behoort."**


# DIE REGTE BOEK

OP

# DIE REGTE TYD

Ons verligte eeu word nie net gekenmerk deur oorloë nie, maar ook groot euwels en siektes.

Kranksinniges se getalle styg, selfmoorde vermeerder, moorde neem toe, misdaad, onsedelikheid en DRANKMISBRUIK neem onrusbarende afmetings aan.

Dit bedreig ons beskawing en die hele mensdom met ondergang.

HIER IS 'N TYDIGE WAARSKUWING!

LEES

## MENSE WAT DRINK

deur A. S. ROUX, M.A. en Prof. Dr. W. A. WILLEMSE.

PRYS 7/6.

Oorsake en gevolge word ontrafel, senuweespanninge, gejaagdheid en verleidinge word geskets, invloede op kinders en jongmense, geestelik ontevrede of onryp, word aangetoon, sprekende voorbeelde van ongebalanseerde mense wat in moeilikhid troos soek by die bottel, armoede, ongelukke, onsedelikheid, misdaad, werkverlies, ellende — selfvernietiging.

MENSE WAT DRINK is 'n boek van onskatbare belang, omdat dit geskryf is met 'n moedigheid, 'n begrip wat seldsaam is, omdat dit 'n boodskap bring wat opheffend en suiwer is: dat drankmisbruik GENEES KAN WORD.

## MENSE WAT DRINK

deur A. S. ROUX, M.A. en Prof. Dr. W. A. WILLEMSE.

Hierdie boek is 'n uitgawe van die LEWENSKUNS-BIBLIOTEEK.

LEES OOK DIE ANDER:

MISLUKTE LEWENS — deur Prof. Dr. W. A. Willemse en Rita Graf van Ewyk .......... 7/6

LEER OM TE LEWE — deur Die Helpende Hand ...... 7/6

AS DIE SENUWEES PLA — deur Die Helpende Hand .. 8/6

BESTEL VAN:

## AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL

LOVEDAYSTRAAT 75 JOHANNESBURG

Foon 33-8669 Posbus 845


# Sterk Woorde, Maar Swak Bene — Eienskap van Politici

Die terugkeer van die soldate is 'n uiters onwelkome saak vir die regerende partypolitici. Vir hulle sou dit beter gewees het as die soldate liewer nog „êrens in die wêreld" was in plaas van binne die Unie. Paradys-beloftes is aan hierdie manne gemaak toe hulle gewerf is, maar van al daardie beloftes kan weinig indien enige in vervulling raak. Reeds het die oud-direkteur van behuising, dr. Hamlin, aangekondig dat iemand van die regering die moed bymekaar moet skraap om aan die soldate te sê dat hulle geen huise kan kry nie, dat dit maar net mooi beloftes was van persone wat beter behoort te geweet het. Ook die Burgemeester van Durban kom met dieselfde verskoning voor die dag.

**En min. Lawrence, die man wat twee jaar gelede aangekondig het dat daar binne twaalf maande 30,000 netjiese huise gereed sal staan vir die soldate en wie nog, was sy hande in onskuld; hy ontken dat hy ooit sulke beloftes gemaak het! Dit is nie hy nie, maar dr. Hamlin!** In die plek van huise kry die soldate nou onderlinge verwyte.

**OP KRUKKE**

**Die politici wat die kuns uitstekend verstaan om groot geesdrif in verkiesings- of oorlogstye by die volksmassa op te wek op grond van mooiklinkende beloftes, staan nakend wanneer hulle 'n daad moet lewer. En om 'n huis te bou, vereis 'n daad.** Hierdie manne wat so imposant vertoon op 'n verhoog agter 'n tas uitknipsels en 'n glas water, wat sulke kwinkslae kan rondslinger in 'n debat, hierdie „sterk" manne is volslae **invalides wanneer dit kom by die verskaffing van beloofde goedere.** Dan sleep hulle hul politieke liggame voort al wippend op die krukke van verwyte dat dit eintlik medelye wek. Maar die medelye is misplaas. Dit kom die soldate en gefnuikte kiesers toe — die meeste wat hulle ook sal kry solank hulle van hierdie soort mense iets verwag.

Intussen verlustig die opponerende politici hulle in die jammerlike figuur wat hul kollegas van die regering slaan. Nou is dit hulle kans. **Hulle** is die alternatiewe regering. Nou moet die soldate net vir hulle stem en net aan hulle glo, dan kry hulle die huise! Wat hulle eintlik bedoel is, „dan kry ons die groen kussings". **Want ook hierdie politici dryf maar soos jakkalse agter die geblêr van die kudde aan. Ook hulle is magtig en imposant op die verhoog agter 'n tas uitknipsels en 'n glas water, en dapper in debatte. Maar ook hulle speel dieselfde spel van Sy Majesteit — die parlementêre wedstryd waarvan die resultate gemeet word in terme van die aantal stemme in 'n verkiesing — nie in huise of fabrieke nie.**

# *Vir die Boerejeug — Die Jeugleier*

**VREDE**

Byna ses jaar lank het die radio, die koerante en die gesprekke dit amper oor niks anders as oor oorlog gehad nie. Baie van ons seuns en dogters het in hierdie oorlogsjare op gegroei en weet nie wat vrede beteken nie. Ook ons beweging, die „Boerejeug", ken die vrede nie, want dit het in die oorlogstyd ontstaan. Onder groot moeilikhede, te midde en ten spyte van heftige vervolging moes die Boerejeug vorm aanneem en groei. As Jeugbeweging kon dit nie sonder die hulp en leiding van grootmense klaarkom nie, en die aangewese grootmense vir die taak was die onderwysers. Onder die Noodregulasies mog die onderwysers egter nie deelneem nie. Die offisiere moes dus elders gevind word. As hulle dan gevind is, moes hulle vir hul gewigtige taak opgelei word. Die posisie is verder bemoeilik deur die ongelukkige skeuring in die Afrikanergeledere. Daardeur het die Boerejeug saam met die O.B. by baie van die ouers, predikante en onderwysers in verdenking gekom, en moes ons teëkanting belewe van mense van wie ons steun en aanmoediging verwag het. Daarby het gekom dat so baie O.B.-ouers self nie die noodsaaklikheid van die Jeugbeweging ingesien het en selfs vandag nog nie insien nie.

**WEER VRYER**

Maar kyk, ondanks dit alles het die Boerejeug die oorlog oorleef en gaan dit die ongekende vrede hoopvol en vol verwagting tegemoet. **Want kan ons dan nie nou in billikheid verwag dat ons seuns en dogters eersdaags sonder die belemmering van Noodregulasies hulle byeenkomste mag hou nie?** Ons hoop dit van harte. Ook verlang ons na die dag dat reisgeleentheid weer gunstiger is. Dis moontlik dat die owerheid en die omstandighede ons nog geruime tyd sal kniehalter. Van ons ouers, ons predikante en onderwysers verwag ons egter simpatie en samewerking. Dit sal nie altyd vrede wees nie, veral nie vir die Afrikaner nie. **Ons Boerejeug besef dat ook vir hulle die dag van stryd sal aanbreek, en daarom wil hulle hul vir daardie dag in alle opsigte bekwaam. Hulle** wil ten volle leer besef wat dit beteken om **Afrikaner te wees.** Dat dit nie aldag maklik is om Afrikaner te wees nie, het hulle al ondervind. Maar hulle kan en wil niks anders wees nie. Dit is ons bestemming en daarmee hang ons roeping saam. Daarom is dit ook ons trots.

**WERF LEDE**

**Boereseun en Boeredogter, dis nou die tyd om ons geledere te versterk en rekrute te werf. Die mense wat ons en ons saak vyandiggesind is, slaap nie, maar is ywerig besig om uit te brei. Daarom mag nie een seun of dogter wat aan ons kant staan buite die Boerejeug bly nie.** Moenie sê dat die kans of die tyd ontbreek nie, bedank liewer ander goed as dit nie anders kan nie, maar sluit aan by die Beweging wat jou in alle opsigte vir jou groot toekomstaak as Christen-Afrikaner wil help voorberei. Dis nou nodiger as ooit dat ons Jeug saamgesnoer sal word en die onwrikbare grondslag vir toekomstige volkseenheid en doelbewuste nasionale optrede sal lê. Mag die langverwagte vrede vir ons Boerejeug 'n tyd van groei en bloei bring, in diens van God, Volk en Vaderland!

Die wit naelpotlood is nie alleen onontbeerlik om onder die vingernaels skoon te hou nie (veral in 'n vol roet stad), maar kan ook gebruik word om merke te maak op gladde materiaal wanneer mens kledingstukke maak. Gebruik dit aan die verkeerde kant.

# WIL OP EWIGE BEGINSELS VAN GODDELIKE WET BOU

## O.B. se Verhouding tot Nas.-Sosialisme

Die vorige keer het ons prakties die posisie van die Ossewabrandwag probeer toelig ten opsigte van die demokrasie. Dit kan nuttig wees om nou ook iets te sê in verband met die nasionaal-sosialisme.

In hierdie verband is dit merkwaardig om op te merk dat, terwyl die Ossewabrandwag nog altyd geweier het om hom, soos b.v. die bestaande politieke partye gedoen het, teen die nasionaal-sosialisme uit te spreek, hy ook nog nooit soos die Nuwe Orde en die Gryshemde homself amptelik as nasionaal-sosialisties bestempel het nie.

Die verste wat deur of namens die Ossewabrandwag gegaan is, was om die kant van die nasionaal-sosialisme te kies teen liberalisme of kommunisme, of om te pleit vir 'n nasionale en sosiale rigting of 'n nasionale as staande teenoor 'n internasionale sosialisme, of om te sê dat alles wat prakties vir Suid-Afrika in die Nasionaal-Sosialisme te vind is, aanvaar word.

Vir die weiering van die Ossewabrandwag om hom teen die nasionaal-sosialisme uit te spreek was en is daar goeie redes. Maar net so ook vir sy weiering om homself as nasionaal-sosialisties te bestempel.

Deur
Prof. L. J. DU PLESSIS

### WARME SIMPATIE

By die laaste wil ons nou 'n paar oomblikke stilstaan. Daar is verskeie redes vir hierdie houding en een van die mees voordiehandliggende is seker dat die naam nasionaal-sosialisme vars van vreemde oorsprong is en maklik die gedagte verwek dat met die naam 'n bepaalde uitheemse stelsel uit die vreemde oorgedra word, in dié geval dan meer bepaald die Duitse stelsel van Adolf Hitler. Dit was nooit ons bedoeling nie, **al het ons vir daardie stelsel hoë agting en warme simpatie gehad:** ons het tog altyd gevoel dat dit as sodanig iets wesenlik Duits is en nie deur die Afrikanerdom vir Suid-Afrika oorgeneem kan word nie. Daarom dan het die Ossewabrandwag hom nooit self as nasionaal-sosialisties beskryf nie; **maar ook omdat ons beweging reeds van die begin af sy eie stelsel meegebring het wat algaande uitgebou is en wat in belangrike opsigte verskil van die Nasionaal-sosialisme soos in Duitsland ontwikkel.**

### DIEPER REDE

Maar daar is ook 'n dieper rede waarom ons met die naam ook die stelsel van Adolf Hitler vir onsself van die hand gewys het, en hierdie rede word duidelik as ons daarop let hoe die naam en die stelsel van die Duitse nasionaal-sosialisme gebore is.

Dit blyk duidelik uit Hitler se Mein Kampf. **Die situasie in Duitsland toe hy begin optree het, was wesenlik so dat die massas van die volk hul nasionale besef verloor het en beslis sosialisties klasbewus was. Gevolglik was sy probleem om die sosialistiese massa te nasionaliseer.** Uit daardie situasie het vanself die naam nasionaal-sosialisme of nasionalistiese sosialisme voortgekom.

**By ons is die situasie wesenlik anders.** **Ons volk is reeds tot 'n groot mate nasionaal bewus gemaak, maar die gebrek in ons toestand is veral dat ons nasionalisme nie genoeg gerig is op bevrediging van ons Suid-Afrikaanse sosiale behoeftes nie, sodat daar 'n gevaar bestaan dat 'n ingevoerde sosialisme ons nasionalisme kan ondermyn. Ons groot behoefte is dus sosialisering van die nasionalisme.** As ons Duitsland wou naboots, sou ons dus liewer moet praat van 'n sosiale of sosialistiese nasionalisme as van nasionaal-sosialisme.

### BEVREDIG NIE

Maar dit het ook sy beswaar, daarin dat die woorde sosiaal en sosialisties nie alleen vir ons geen baie duidelike betekenis het nie, maar ook 'n gevaarlike betekenis, in so ver as hulle die gedagte meebring van konfiskasie van privaat eiendom en van ondraaglike staatsoorheersing. Hierdie besware probeer die Nuwe Orde ontwyk deur te praat van Afrikaner-Nasionaal-Sosialisme, **maar hierdie naam self is 'n bewys dat die verbinding van die woorde nasionaal en sosiaal tot een begrip nie vir ons doel bevredigend is nie.**

Al het ons opvattinge dus veel gemeenskapliks met die nasionaal-sosialisme, was dit reg dat ons nie alleen ons eie stelsel begin ontwikkel het nie, maar dat ons ook tot nog toe die amptelike aanvaarding van 'n vreemde naam vermy het. **Dit is ook twyfelagtig of ons juis nou 'n bepaalde naam aan ons beweging hoef te gee. As ons 'n party was of beoog het, sou dit wel moes gebeur het. Maar dit wil ons juis nie; ons wil die volksbeweging wat so ruim soos die volk is en groei met die volk.** Laat ons dit dus nie vereng en vasklem deur dit in te perk in die dwangbuis van 'n kunsmatige naam nie.

### BENAMINGE

Tog sal ons vir bepaalde doeleindes bepaalde name en terme moet gebruik. So sal ons die kern van ons beweging om historiese redes seker altyd noem die Ossewabrandwag en sy ideaal die volksbeweging. **Ook sal ons ongetwyfeld baie moet werk met die terme nasionaal en sosiaal, so ook met Christelik en Republikeins, ens.** Ook vir die vertakkinge en uitbouinge van ons beweging het ons allerlei passende name of sal ons hulle wel kry, soos Noodhulpfonds, Vrouevolksorg, Boerejeug, Arbeidslaer, Volksfront, O.B.-Wag, ens. ens.

Bly daar dan nog soms die behoefte oor om die algemene karakter van ons opvattinge meer noukeurig aan te dui, dan kan ons praat van organies en korporatief, van volkstaat en gesagstaat, ens. ens. En saamvattend kan ons dit miskien aandui as Christelik-Sosiale Nasionalisme, wanneer die behoefte hom mag voordoen om alles so kort moontlik saam te vat. **Ten slotte sal egter geen naam bevredigend wees nie, en wat dit betref, moet ons ons maar deur die ontwikkeling van die omstandighede en die behoefte van die oomblik laat lei.**

**Hoofsaak is dat ons onsself loswikkel uit die verlede van die liberalisme, dat ons nie oorslaan tot 'n kommunistiese toekoms nie en dat ons ten opsigte van die nasionaal-sosialisme ons eie koers bepaal na die toekoms op die grondslag van die goeie in hede en verlede en van die ewigblywende beginsels van die Goddelike wet, maar so dat dit nie alleen vir die Afrikanerdom as geheel aanneemlik sal wees nie, maar ook vir ons tot Afrikaners bestemde ander mede-Suidafrikaners.**

Gebruik die kombuis-skêr om die skil van spek te verwyder en om pieterselie fyn te snipper.


**MARKAGENTSKAP**
**VROEË MÔRE-MARK**
**KAAPSTAD**

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

**Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:**

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik.

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk
Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG

**MEUBELS**
PRYSE STYG VINNIG.
*KOOP NOU!*
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars**
(EIENDOMS) BEPERK,
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-8806.

ONS JASSE,
BAADJIE- EN JUMPER-
PAKKE IS VAN
BEROEMDE SNYERS
*U SAL DIE SNIT*
*EN STYLE WAARDEER*

Steyns

*DIE DAMESWINKEL*
PAROW

*AANDAG!!!*

*Vanaf 1ste Junie*
handel
*SPRINGBOK-MEUBELS*
as
**UNIKA MEUBELS**
(EIENS.) BPK.
Huis en Kantoor-Meubileerders

VIR MEUBELS VAN KWALITEIT EN PRAG

*Victoriaweg 171*
*Woodstock*

Takbesigheid:
Jan Phillips-gebou — Lady Greystraat,
PAARL — Foon 929

**SCHOEMANELLO DRANK...**
**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE**

| | Per Bottel van 1 tot 13 in 12-bottel kissie. | Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer. |
|---|---|---|
| **WYNE:** | | |
| Fonkelwyn | 7/- | — |
| Lewenswyn | 3/9 | — |
| Vermouth | 3/- | — |
| Hanekraai — Cocktail | 4/- | — |
| **SOET WYNE:** | | |
| Likeurwyn en Ou Port | 2/6 | 11/- |
| Ou Wit Port en Sauterne | 2/6 | — |
| Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel | 1/8 | 8/- |
| Jeripigo, Rooi en Wit | 1/9 | 8/6 |
| Worcester Hock en Pontak | 1/7 | 7/6 |
| **SJERRIES:** | | |
| Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet) | 2/9 | — |
| Goue (Soet) | 2/6 | 10/- |
| Spesiale (Soeterig) | 1/6 | 7/3 |
| Sjerrie (Soeterig) | 1/5 | 6/9 |
| **DROË WYNE:** | | |
| Burgundy | 1/9 | — |
| Claret en Wit Droë | 1/6 | — |
| **BRANDEWYNE:** | | |
| Super de Luxe | 8/6 | — |
| De Luxe | 7/6 | 39/- |
| Ekstra Spesiaal | 7/- | 37/- |
| F.C. | 6/6 | 36/- |
| Buchu | 7/6 | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Creme de Cacao | 7/6 | — |
| Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos | 7/- | — |
| Naeltjie | 6/6 | — |
| Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment | 6/6 | 34/- |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen en Suurlemoen | 7/6 | — |

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
**JURGENS SCHOEMAN,**
POSBUS 142, — OUDTSHOORN.




**BATTERY**
**vir MOTOR, LIG en RADIO**
Vervaardig deur Afrikaners. Stewig gebou vir ekstra diens, alle groottes vir enige doel, regstreeks van die fabriek.
**GEWAARBORG VIR 14 MAANDE**
Pryslys en verdere besonderhede van die alleenverspreiders:
**SAKE (Edms.) BPK.**
Tel. „SAKE" Foon 33-9629
Posbus 870, Johannesburg.

